N08/1/A1AFR/HP2/AFR/TZ0/XX

88080002

International Baccalaureate®
Baccalauréat International
Bachillerato Internacional

**AFRIKAANS A1 – HIGHER LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 2**

Wednesday 19 November 2008 (morning)
Mercredi 19 novembre 2008 (matin)
Miércoles 19 de noviembre de 2008 (mañana)

2 hours / 2 heures / 2 horas

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à amener des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.
- No se permite traer a la sala de examen copias de las obras estudiadas.


© International Baccalaureate Organization 2008

*Skryf 'n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Jy mag in jou antwoord 'n bespreking van Deel 2 werke van dieselfde genre insluit, indien relevant. Antwoorde wat nie gebaseer is op ten minste twee Deel 3 werke, sal nie hoë punte behaal nie.*

**Drama**

**1.** (a) "Die tragedie is 'n studie in die vernietiging van karakters met fatale persoonlikheidsgebreke, ten spyte van hul stryd teen ondergang." In die gelese dramas, hoe is karakters se swakhede geskets en in watter mate dra dit by tot die ontwikkeling en *denouement* van die dramas?

*of*

(b) In sommige dramas ondergaan die hoofkarakter(s) 'n katarsis wat tot loutering en groter rypheid lei. Onder watter omstandighede mag karakters 'n katarsis ondergaan wat tot bevryding en begrip lei? Verwys na spesifieke gelese werke in jou antwoord.

**Poësie**

**2.** (a) Moderne digters toon 'n voorkeur vir die vrye vers, d.w.s verse sonder rym en formele metriese patrone. Dit laat digters egter met die uitdaging om op ander verstegniese wyses aan die teks 'n poëtiese, eerder as 'n prosa-karakter te verleen. Deur na enkele vrye verse te kyk, toon aan watter verstegniese en ander middele aangewend word om die vrye vers die gedrongenheid en intensheid van die poësie te gee.

*of*

(b) Die tema van verlies en verlange in sy talle vorme is 'n gewilde tema by digters. In watter mate is dit waar van die gelese gedigte?

**Roman**

**3.** (a) Afrikaans omvat twee kulture: die Europese kultuur as baarmoeder, en dié van Afrika as die groeimedium waarin die taal ontwikkel het. Kan jy in die gelese romans aspekte van dié Afro-Europese dualiteit identifiseer? Evalueer die stelling aan hand van die romans wat jy gelees het.

*of*

(b) Watter rol speel sosio-politieke kwessies in moderne Afrikaanse romans, en hoe word dié kwessies in die gelese romans hanteer?

**Kortverhaal**

**4.** (a) Deur te kyk na enkele kortverhale, demonstreer hoe ’n goeie kortverhaal reeds in die openingsparagraaf ’n enkellynige rigting inslaan, en hoe elke opeenvolgende paragraaf die storie meedoënloos na ’n onvermydelike einde dryf.

*of*

(b) Daar is al opgemerk dat die ek-verteller ’n ander kyk op verhoudings kan bewerkstellig as die alwetende verteller. Kan jy saamstem met die persepsie? Deur na enkele verhale te verwys, bespreek dit wat die twee tipes vertellers tot ’n kortverhaal bydra.

**Algemeen**

**5.** (a) Groot letterkunde verouder nooit nie, inteendeel, dit het die vermoë om oor dekades en selfs eeue tot ons te spreek. Reageer op die stelling deur te verwys na klassieke letterkunde wat jy gelees het.

*of*

(b) Mense keer soms oor en oor terug na dieselfde roman, bundel essays of bloemlesing gedigte. Hoekom sou dit wees? Wat sit daar in die letterkunde wat dit vir mense nodig maak om dit weer en weer te besoek?

*of*

(c) “Ons lees om meer te wete te kom van onsself.” Hoe verklaar jy dit? Reageer op die stelling deur spesifiek na werke te verwys wat deur jou gelees is.

*of*

(d) Die verhouding tussen die twee geslagte bly een van die grootste temas in die letterkunde. Reageer op die stelling met spesifieke verwysing na gelese werke.